

27 Augustus - OPGESTAAN

Skrifgedeelte: Matteus 28:1-15

Fokusgedeelte: Matteus 28:6, 7 (OAV)

Hy het opgestaan! Dit is die boodskap uit die mond van die engel wat die vroue die Sondagoggend by die graf gehoor het. Die engel was ook die een wat die steen van die opening van die graf af weggerol het en daarop gaan sit het.

Dit is duidelik dat hy die steen nie weggerol het om die Here Jesus te help om uit die graf uit te kom nie. Hy het die steen weggerol, sodat die vroue in die graf kon inkyk en hulle daarvan vergewis dat die graf leeg is. Deur die oë van hierdie vroue, deur hulle getuienis, moes die kerk glo dat die Here opgestaan het uit die dood.

Die boodskap van die oop graf is dat die Here Jesus werklikwaar uit die dood opgestaan het. Hoe presies dit gebeur het, weet ons nie. Nie een van die getuies van die opstanding het gesien hoe Jesus uit die dood opstaan en uit die graf gegaan het nie. **DAT** Hy opgestaan het, word duidelik vir ons uitgespel en dit moet ons glo. Daarby staan en val ons geloof.

Vandag word die leuen vertel dat dit nie so belangrik is om te glo dat Christus fisies uit die dood opgestaan het nie. Dit is eintlik heeltemal onwaarskynlik, word gesê. Wat wel gebeur het, is dat Hy in die gedagtes en harte van sy volgelinge opgestaan het. Dit maak nie saak of Hy uit die dood opgestaan het nie, solank Hy net in jou hart opstaan.

Tog maak dit saak. Die opstanding is nie iets wat ons maar net kan verinnerlik nie. Die Bybel verkondig dat Hy fisies opgestaan het. Daarop berus ons hoop en verwagting en ons troos. Daarom het die engel die graf oopgemaak: *“Hy is nie hier nie, want Hy het opgestaan soos Hy gesê het. Kom kyk na die plek waar Hy gelê het.”* Dit moet ons glo.

Sing: Psalm 68:1, 2 (1936-beryming)

Ds ASA de Bruyn (Wilropark)